

**NUUS VAN DIE SUSTERS**

**KOEKSISTERS**

Die susters bak **Dinsdag, 19 Februarie 2013** vanaf 8:00 - 13:00  
Susters wat gereeld help, teken asb. die datum aan. Almal is welkom om te kom help. (Dis eintlik 'n verskoning vir die susters om te kuier!)

**Baie dankie by voorbaat vir alle donasies**

Kontant - Merk KOEKSISTERS/Bestanddele: Meel/suiker/olie-kombuis  
Bets (018 468 1538 / 084 257 9481)

**SUSTERSAAMTREK**

Saterdag, 9 Maart 2013 om 9:00  
Gereformeerde kerk Bult, Molen straat, Potchefstroom  
**As jy saamgaan: Skryf jou naam op die lys in die voorportaal asb.**

**SUSTERSVERGADERINGS 2013**

DATUM(Woensdag)	Maand - BESTUURLID AAN DIENS	WYKE
JANUARIE	Kotie + Bets	GEEN
6 Februarie 2013	Kotie Oosthuizen	5 & 25
6 Maart 2013	Santie v d Westhuizen	6 & 20




Alle **55 Plussers** moet asb. **Vrydag, 8 Februarie 2013** oophou vir 'n opwindende en interessante kuier. Besonderhede volg later.  
**Charl & Daleen du Plessis - 083 383 8011**



**PENSIOENARIS BESKIKBAAR VIR ALGEMENE NUTSWERK**  
Vaardig in sweis-, loodgieters-, hout- en teëlwerk  
**Corrie Botha 083 429 4824**



**Gedagte vir die week: Spreuke 1:7**  
Kennis begin met die dien van die Here; dit is net dwase wat wysheid en opvoeding gering ag.



# SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale” [Psalms 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk, Klerksdorp-Noord**  
[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

**Jaargang 8                      Sondag, 13 Januarie 2013                      Nummer 1**

**PREKE VANDAG**

Oggenddiens Tema: **WEET WIE JY IS VOOR GOD OM HOM REG TE DIEN**



Ds. André de Jager

Lees: Lukas 5:1-11  
Teksters: 8 & 10

Om die Here werklik te kan dien, as lidmaat in sy gemeente, as diaken, ouderling of predikant, by die huis, die werk of die kerk, is dit nodig om klein te word in ons sondebeseft, sodat ons groot kan word in die genade van ons Here in Jesus Christus.

Aanddiens Tema: **VERHEERLIK GOD DEUR HOM TE GEHOORSAAM**

Lees: Johannes 17:1-26  
Teksters: Johannes 17:4  
Heidelbergse Kategismus Sondag 47

Die eerste bede van die Onse Vader is ten diepste 'n gebed waarin ons God vra dat Hy ons in staat stel om sy wil te ken en te gehoorsaam. En dit is 'n skuldbelydenis dat ons die Here se Naam juis nie heilig nie omdat ons juis nie sy wil gehoorsaam nie.



TYDENS EREDIENSTE – Sondag, 13 Januarie 2013			
Oggenddiens 09:30		Aanddiens 18:00	
Psalm/ Skrifberyming	Bl.	Psalm/ Skrifberyming	Bl.
1. Psalm 29:1,3 & 5	137	SB 1-1:1	
2. Psalm 40:4	205	Psalm 86:5 & 6	433
3. Psalm 38:1 & 17	189	Psalm 33:1 (156)	156
4. Psalm 118:1 & 2	575		



KOLLEKTES		
DATUM	BY DIAKENS	SAKKIES BY DEURE
13 Januarie	Barmhartigheid	Teologiese Skool
GEMEENTEPROGRAM: Sondag, 13 Jan - Saterdag, 19 Jan 2013		
Sondag, 13 Januarie	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag, 13 Januarie	Aanddiens	18:00-19:00
Sondag, 20 Januarie	Katkisasie Open	
TEESKINKBEURTE		
Sondag, 20 Januarie 2013	Wyk 16 & Wyk 17	
Sondag, 27 Januarie 2013	Wyk 18 & Wyk 19	



## BYBELSTUDIE

Geen Bybelstudie gedurende hierdie week nie



## LIEF EN LEED

- **Wilna van der Merwe** het Dinsdag, 8 Januarie 2013 'n lens oorplanting in haar een oog gekry. Die ander oog is verlede jaar gedoen. Die operasie was suksesvol en ons is dankbaar dat als hierdie keer goed afgeloop het. Wilna sê baie dankie vir almal se belangstelling en gebede. **(Wyk 13 – 018 468 2615)**

- Baie geluk aan **James en Hettie Cunningham** met hul kleinseun **Christiaan Bronkhorst** se uitsonderlike prestasie. Hy het 10 onderskeidings in 2012 behaal en is toppresterder in die Vrystaat. **(018 – 406 4024/ 083 566 3602)**



## BEROEPE: GEREFORMEERDE KERKE

### BEROEPE ONTVANG

- Dr JH Howell van Heidelberg na Die Kandelaar.

### BEROEPE AANVAAR

- Proponent DFC Kruger na Zeerust.
- Proponent PGP le Roux na Derdepoort.

### BEROEPE BEDANK

- Dr FP Kruger van Meyerspark na Ontdekkers.
- Proponent PGP le Roux na Eloffsdal met opdrag Bybelkunde opleiding en Evangelisasie te Aros.
- Proponent PGP le Roux na Empangeni.
- Ds JG Noëth van Kimberley na Rietvallei as medeleraar.



## VERJAARSDAE

13 Januarie 2013 – 19 Januarie 2013			
13 Jan	<b>Hendrico van Antwerp</b>	Wyk 17	
16 Jan	<b>Francois Snyman</b>	Wyk 8	<b>018 468 4204/ 082 451 1408</b>
17 Jan	<b>Oom Phil Jooste</b>	Wyk 3	<b>018 468 2633/ 083 290 4416</b>
17 Jan	<b>Jaco Schutte</b>	Wyk 27	<b>082 856 3985</b>
18 Jan	<b>Lojandri de Klerk</b>	Wyk 12	<b>071 146 1136</b>
18 Jan	<b>Oom Tienie Botha</b>	Wyk 12	<b>018 468 4930/ 083 409 5149</b>
18 Jan	<b>Riaan Jacobs</b>	Wyk 17	<b>018 468 6309/ 082 666 0714</b>

Die gemeente wens al die lidmate wat hierdie week verjaar 'n voorspoedige en geseënde nuwe lewensjaar toe.

Mag die Here julle in sy hand hou.